education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# RELIGIESTUDIES V2

**NOVEMBER 2007**

**Hierdie memorandum bestaan uit 7 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 1**

1.1 Sending

- Die woord 'sending' is afkomstig van die Latynse woord 'mittere' wat beteken om te stuur
- Vanaf die vroeë Christelike geloof, was die woord met Christus se sending van sy dissipels om die Christelike boodskap te verkondig, geassosieer
- Die woorde 'sending en sendeling' is dikwels gebruik om na alle godsdienste te verwys wat pogings aanwend om ander gelowiges tot hulle godsdiens oor te haal
- Die Ba'hai geloof, Boeddhisme, Christenskap en Islam, word die sending-godsdienste genoem
- In sekere kringe het die woord 'sending' 'n negatiewe konnektasie
- Dit word deur ander as 'n aggressiewe manier om 'n godsdiens te bevorder beskou, selfs al beteken dit om aan die kan van onderdrukkende ekonomiese en politieke strukture te wees
- Pogings is aangewend om 'n nuwe inhoud aan die woord 'sending', byvoorbeeld die verligting/versagting van pyn, te gee
- Party Christene, Boeddhiste, Ba'hai en Islamitiete verwerp die term geheel en al
- Ten spyte van verskeie besware teen die woord 'sending', bly dit 'n bruikbare term deurdat dit na die georganiseerde poging om jou godsdiens na mense buite jou geloof te versprei, verwys

Evangelisasie

- Die woord 'evangelisasie' is van 'n ou Engelse woord, 'evangel', wat evangelie beteken, afgelei (in Grieks is dit euangelion)
- 'Evangel' is uit twee Griekse woorde, 'eu', wat goed beteken en 'aggelion', wat boodskap beteken, saamgestel
- Die woord 'euangelion' beteken goeie boodskap
- Evangelisasie beteken die verspreiding van die goeie boodskap na afgedwaalde gelowiges
- Sending beteken die verspreiding van die goeie boodskap na nie-Christene (20)

1.2 Religieuse pluralisme

- Religieuse pluralisme verwys na positiewe sosiale aanvaarding van baie verskillende godsdienste
- Judaïsme het uit die konteks van die antieke Midde-Ooste voorgesprei waar daar verskeie godsdienste was
- Gedurende die klassieke en middel-periodes, het die belangrike Joodse denkers die verhouding tussen Judaïsme en ander godsdienste bevraagteken
- Philo, 'n Grieksprekende Joodse filosoof, het die verskeie godsdienstradisies as bewyse van een goddelike woord beskou
- 'n Joodse teoloog, Moses Maimondes (1135 – 1204) het beweer dat Judaïsme die enigste godsdiens was wat God geopenbaar het
- Hy het alle ander godsdienste verwerp. Volgens die interpretasie van daardie tyd, het hulle, volgens Maimondes, afgodsdiens beoefen

- In ooreenstemming met die Mosaïese Wet, moes afgodaanbidders vermy word
- In die moderne tyd, het die Jode met die heidene begin assosieer
- Frans Rosenzweig (1886 – 1929) het beklemtoon dat die verhouding tussen mense, die Woord en God, 'n enkele groot geheel vorm
- Volgens Rosenzweig, was totaliteit slegs in Judaïsme en die Christendom geopenbaar
- Abraham Herchel (1907 – 1972) en andere, is oop (ontvanklik) vir die idee dat alle godsdienste as manifestasies van God se woord gesien moet word
- Hierdie geleerdes beskou verskeidenheid in die godsdienstige wêreld as 'n positiewe element wat die totale godsdienstige gemeenskap in hulle teenstand teen die sekulêre samelewing versterk
- Sionisme is 'n politieke beweging wat 'n Joodse tuisland in Israel voorgestaan het (30)

**[50]**

**VRAAG 2**

2.1 <u>Konflikteorieë en die kritiek daarteen</u>

- Die konflikteoriste verheerlik nie konflik nie
- Hulle beweer dat konflik 'n beslissende rol in die sosiale lewe speel
- 'n Griekse filosoof, Heraclitus (6^de^ eeu voor die Huidige tydperk), stel dat stryd/twist die moeder van alle dinge is
- 'n Duitse Mistiek, Jacob Bochme, het geglo dat die stryd by die wortel van alle dinge lê
- Moderne konflikteoriste stem saam met die funksionalisme dat die samelewing en godsdiens veronderstel is om 'n samewerkende stelsel te wees
- Funksionalisme word gekritiseer omdat dit nie konflik genoegsaam in aanmerking neem nie
- Karl Marx is die leidende figuur in konflikteorieë. Hy het gemeenskappe as onderlinge stelsels gesien
- Karl Marx het op ekonomiese rangskikkings van die samelewing en op die verhouding tussen klasse, gefokus. Hy het geargumenteer dat godsdiens gemanipuleer word om die belange van die regerende klas te dien. Hy het godsdiens as die 'opium' van die mens beskou
- Godsdiens word gebruik om werkers te beheer
- Karl Marx het tog met Emile Durkheim saamgestem dat godsdiens 'n saambindende faktor is
- Dit dien as klasse wat revolusionêre mag soek of wat reeds mag het
- Konfliteorieë word gekritiseer omdat dit uit 'n valse posisie begin
- Hulle het 'n eensydige basiese standpunt wat die rol van konflik oorbeklemtoon
- Konflikteoriste onderskat die belangrikheid van onbaatsugtigheid en vrywillige, spontane samewerking in die menslike lewe
- Hulle druip die toets oor ooreenkomste/korrespondensie en bruikbaarheid

Kopiereg voorbehou 

- Die Marxistiese konflikteorie sien die feit oor die hoof dat godsdiens dikwels nie slegs klassebelange gesteun het nie, maar ook dikwels teen sulke belange ingegaan het
- Dit sien ook die rol wat deur godsdiens in die gemeenskap gespeel word, oor die hoof
- Die Marxistieste konflikteorie skets die ekonomie sterker as godsdiens
- Kritici van konflikteorieë argumenteer dat godsdiens en ekonomie mekaar beïnvloed (30)

2.2 <u>Invloed van hoofwêreld godsdienste</u>

- Die tradisionele godsdienste van die sub-Saharan Afrika het geen komplekse organisasies van priesters, monnike, ensovoorts soos die hoofgodsdienste of die landbouwêreld gehad nie
- Hulle het nie heilige skrifte gehad wat as die kern van die gemeenskap-like geloof sou dien nie
- As gevolg hiervan kon die Afrika Tradisionele Godsdienste hulle nie maklik teen sendelinge se invloed van die Islam en die Christendom ver-dedig nie
- In tuinboukundige gemeenskappe van pre-koloniale Afrika, was 'n persoon se naasbestaandes of hulle lewend was of gestorwe hoof ver-eer
- Dit het indirek tot die verering van voorvaders bygedra
- Vandag beheer die familiegroep nie meer sy lede of enige toegang tot middele vir hulle eie lewensonderhoud nie
- Die belangrikheid van godsdiens van voorvaders wat binne die familie gesentreer het, het as gevolg van die groei van Islam en die Christendom, afgeneem
- Mense in landelike gebiede gaan gewoonlik voort om die Afrika gods-diens op die ou manier te beoefen
- In stedelike gebiede vind ons dat baie bekeerlinge tot Islam of die Christendom geneig is om die Afrika Tradisionele godsdiens met hierdie godsdienste te meng
- Op 'n stadium het Afrikane Islam en die Christendom omarm vir geen besondere redes nie
- Vir baie Afrikane het dit 'n simbool en teken van modernisering geword
- Met die aanvang van die politieke onafhanklikheid in Afrika, is die Christendom met kolonialisme geassosieer
- Sendelinge is ook gekritiseer omdat hulle nie Afrikane toegelaat het om leierskaprolle in die kerk te beklee nie
- In baie dele van Afrika, het Afrika Tradisionele kerke ontstaan, wat 'n mengsel van die Christendom en die Afrika Tradisionele godsdiens ver-teenwoordig het (20)

**[50]**

**VRAAG 3**

3.1
- Die godsdienstige gemeenskappe kan komitees vorm om misdaad die stryd aan te sê
- Daar kan intergodsdienstige samewerking wees om misdaad te beveg
- Hulle kan vorige prisoniers uitnooi om die jeug toe te spreek oor die euwel en gevolge van misdaad
- Hulle kan godsdienstige uitreikprogramme hou om gemeenskappe toe te spreek
- Hulle kan tot die morele herlewingsinisiatiewe bydra
- Hulle kan intergeloofgebede vir die afname in misdaadaktiwiteite hou
- Hulle kan aan Gemeenskapspolisiëringsforums deelneem
- Hulle kan mense oor die heiligheid van die lewe en om ander se lewe in ag te neem, onderrig
- Hulle kan rehabilitasiesentrums vir eks-prisoniers oprig
- Hulle kan berading vir slagoffers van misdaad voorsien
- Godsdienstige waardes kan ingeprent word wat die lewens van jong mense positief kan vorm

(20)

3.2 <u>Historiese ontwikkeling van die Afrika Tradisionele Godsdiens</u>
- Die Afrika Tradisionele Godsdiens (voortaan ATG) is uit baie verskillende geloofstelsels en –praktyke saamgestel
- Die San-gemeenskap beoefen 'n vorm van die ATG reeds langer as 2 000 jaar
- dit maak die San godsdiens di eoudste godsdiens in Suid-Afrika
- Omtrent 2 000 jaar gelede het Afrikaanherders uit die noorde na die suide van Afrika getrek. Hulle het baie van die ATG-praktyke saamgebring wat vandag steeds deur verskeie Afrikaangroepe beoefen word
- Die meeste Afrikaansamelewings het nie die vroeë geskiedenis van die ATG gedokumenteer of opgeteken nie
- Die ATG godsdienste is dinamies en verander net soos enige ander godsdiens
- Verskillende mense kom met mekaar in kontak en ruil idees en materiële goed uit. Onder die Tshivenda-sprekende mense, vind ons tradisionele liedere in Shona. Hierdie liedere dui aan dat Tshivenda- en Shona-sprekendes noue kontak met mekaar gehad het en idees al lank gelede uitgeruil het
- In die Afrika-samelewings word die gebeure nie in geskrewe vorm opgeteken nie, maar is deur mondelinge tradisies oorgedra
- Die antieke stories aangaande geloofs- en skeppingsmites is mondelings oorgedra
- Veranderinge het onlangs in die ATG plaasgevind
- Onder die Zulus is daar 'n rigiede onderskeid tussen die Isangoma en 'n Inyanga (tradisionele leier)
- Gedurende die 20^ste^ eeu het die onderskeid vervaag, maar dit het nie heeltemal verdwyn nie
- Party Sangomas gebruik ook kruie en plante om mense te behandel. Dit toon dat die ATG nie staties is nie, maar dinamies

- Die ATG het ook tot anderkant die grense van hulle land van herkoms/ oorkoms beweeg. Die Afrikaanslawe wat na Amerika geneem is, het hulle godsdiens saamgeneem. Daar her hulle gemeng met ander godsdienste soos met die Christendom (30)

**[50]**

**VRAAG 4**

4.1

- Ekumenisme kan op twee maniere gedefinieer word
- Dit kan sinoniem met interreligieuse dialoog wees
- Dit kan ook na die bereiking van eenheid onder verskeie afdelings binne dieselfde godsdienste verwys
- Religieuse dialoog verwys meer na 'n gesprek tussen twee of meer godsdienste
- In die Christendom is die vorming van die Wêreldraad van Kerke 'n voorbeeld van ekumenisme. Kerke opereer uit verskillende sosiale, ekonomiese, kulturele en politieke toestande
- Die Wêreld Kameraadskap van Boeddhiste is 'n voorbeeld van ekumenisme in Hindoeïsme
- Dialoog word hoog onder godsdienstige groepe aangeskryf
- Ekumenisme word nie so hoog aangeskryf nie
- In hierdie interaksies leer godsdienste baie van mekaar. Hulle waardeer ook verskille onder mekaar
- Hierdie interaksies beteken nie samewerking tussen of onder godsdienste nie (30)

4.2

- 'n Ritueel verwys na 'n spesiale handeling wat op 'n spesiale tyd en manier uitgevoer word
- Dit kan godsdienstig of sekulêr wees
- 'n Offeranderritueel is 'n offerhande wat aan die goddelike geoffer word. Dit word met 'n spesiale uitkoms in gedagte, gehou
- Dit is dikwels 'n dankdiens of –woord met die oog op voorspoed, goeie reën, ensovoorts, uitgevoer
- Dit mag die slag van 'n dier of 'n offerhande van meel en ander kos, insluit
- In ATG word 'n hoender, 'n bok of 'n os gewoonlik geoffer, afhangende van wat die geleentheid is. Ernstige toetredes vereis 'n groter dier
- Moslems offer gewoonlik 'n skaap of 'n bok. Hulle doen dit gedurende die offerandefees
- Die beklemtoning is die simbolisering van die bereidheid om afstand van dit wat nie wenslik is nie, te doen, veral die onderwerping aan Allah
- Die vleis word onder vriende en die armoediges verdeel (20)

**[50]**

## VRAAG 5

5.1 <u>Verteenwoordigende- en Voorstellingsimbole</u>

- 'n Verteenwoordigende simbool is 'n simbool wat vir iets anders staan
- Dit kan ook as 'n teken funksioneer
- Wanneer 'n kruis op 'n gebou geplaas word, dui dit aan dat die gebou as 'n aanbiddingsplek gebruik word
- 'n Voorstellingsimbool is iets wat gelyk is aan dit wat dit verteenwoordig, byvoorbeeld 'n straatkaart is 'n voorstelling van 'n werklike landskap
- In godsdiens is 'n voorstellingsimbool gelyk aan dit wat dit voor staan, byvoorbeeld in Ortodokse Kerke is daar ikone waarin die heilige as teenwoordig aanvaar word
- 'n Voorstellingsimbool moet iets wees wat solied is wat iemand kan aanraak
- Dit kan ook 'n klank, 'n woord, 'n wysie, 'n gebaar of 'n houding wees
- Daar word geglo dat die OM-teken onder die Hindoes 'n heilige/gewyde energie dra
- In die Hare Krishna, neurie die volgelinge Krishna se naam. Hulle glo dat Krishna in hierdie lofsang teenwoordig is
- Die vissimbool word geglo kom van die Griekse woord, 'ichthus' wat vis beteken af
- In die Griekse taal is dit die woord wat jy vind elke keer wanneer jy die eerste letter in die sin: 'Jesus Christ, God, Son, Saviour & Jesus, Theos, Huios Soteria', neem. Hierdie vissimbool is as 'n geheime teken gedurende die vervolging van Christene gebruik
- Rondom die 3$^{de}$ eeu het die simbool van die kruis die voorkeursimbool van die Christelike geloof geword. Christene glo dat die kruis die oorwinning van Jesus Christus oor die dood verteenwoordig
- Die Roomskatolieke Kerk se kruis verteenwoordig dikwels die liggaam van Christus daarop
- In die Protestante Kerke word die kruis leeg gelaat en hulle glo dit verteenwoordig Christus se opstanding (30)

5.2

- In sekere lande is godsdiens vir 'n tydlank onderdruk tot in mense se private gebied
- Godsdiens het sy invloed wat dit vantevore in die politiek gehad het, verloor
- Gedurende die laat 20ste en die vroeë 21ste eeue, is daar die opkoms van 'n nuwe gods-diensaktivisme in wêreldpolitiek. Voorbeeld van hierdie opkoms is gods-diensreg in die VSA, die oplewing van die Ortodokse Kerk in Rusland, die evangeliese Christendom in Afrika en die Islamitiese fundamenta-lisme
- Die godsdiens van die immigrante in die VSA, Brittanje en Frankryk het 'n fokus vir identiteit- en politieke-betrokkenheid geword, asook 'n bestemming van die menselike lewe
- Hier volg redes vir die oplewing:
  1. Die globale oplewing van godsdiens is deel van die groter krisis van die moderne tyd
  2. Modernisme kon nie vrae oor die oorsprong en bestemming van die menslike lewe beantwoord nie
  3. Bostaande vraagstukke val bnne die gebied van godsdiens
  4. Handel deur middel van en toegang tot die internet dra tot die verskansing van grense by en versterk die indruk dat ons in 'n globale woonbuurt bly
  5. Godsdiens kom as 'n belangrike meganisme vir die voorsiening en beskerming van hulle identiteit voor
  6. Die opkoms en die risiko van die wêreldekonomie en die politieke onstabiliteit het onsekerheid na die sekulêre wêreld gebring
  7. Godsdiens het 'n stabiliserende faktor geword wat aan mense die sin van rigting en bestemming voorsien (20)

**[50]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou